

Nico van Gijsen: Pasop vir boedelbelasting op aftreegeld

24 [netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-pasop-vir-boedelbelasting-op-aftreegeld-20260828-0463](https://www.netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-pasop-vir-boedelbelasting-op-aftreegeld-20260828-0463)

Ek sien en hoor al hoe meer mense gebruik hul aftreefondse om meer geld in te spaar. En glo dis 'n goeie ding. Dit is nie.

Aftreefondse het hul plek in jou finansiële plan. Daar is belastingvoordele, soos die aftrekking van jou fondsbydraes ingevolge art. 11F van die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) tot soveel as die minste van 27,5% of R350 000 per jaar van jou belasbare inkomste of vergoeding.

Daar is ook die belastingvrye beleggingsgroei in die fonds self terwyl jy spaar. Daar is ook die voordeel dat die aftreefondsvoordeel gewoonweg nie in jou boedel val vir boedelbelasting by jou dood nie.

En dan is daar art. 10C van die Inkomstebelastingwet wat bepaal dat die geld wat jy in die aftreefonds gespaar het en nie aftrekbaar was ingevolge art. 11F van die wet nie, vry van belasting as 'n ná-aftrede-inkomste onttrek kan word.

En daarom, glo ek, spaar sommige mense deesdae hul ekstra spaargeld in hul aftreefondse. Anders as laksheid, of onkunde, om nie hul geldsake met 'n kundige finansiële beplanner te moet bespreek nie.

Wat is die probleem?

Jy het nie toegang tot jou geld voor aftrede nie (gewoonlik minstens 55 jaar oud). As jy 'n nuwe voertuig wil koop uit jou spaargeld of as die huis se dak afwaai, kan jy nie 'n geldjie gaan trek en betaal nie.

Ja, jy kan deesdae tot 'n derde uit die spaarpot in die tweepotstelsel (die ander pot is die aftreepot) onttrek. En dis belasbaar teen jou marginale koers.

Jy spaar vir 'n doel, jou aftrede. Maar jy kan voor dit sterf en dan is daar geen sekerheid oor waar jou aftreegeld gaan beland nie. Die trustees van die fonds is verplig ingevolge art. 37C van die Wet op Pensioenfondse (24 van 1956) om te soek vir afhanklikes, na wie eerste omgesien moet word, voordat aandag gegee word aan wie jy as begunstigdes benoem het.

Dit kan by mense beland wat jy nie noodwendig wou bevoordeel uit jou aftreefonds nie. Ja, selfs by jou vorige huiswerker, soos wat gebeur het in 'n geval wat voor die pensioenfondsberegter gedien het (verw. PFA/EC/00132536/2025/FL).

Daar is baie gevalle. Kortom, jy het nie sekerheid nie. Ander besluit waar jou aftreegeld gaan beland. Nie altyd jy alleen nie.

Die probleem met boedelbelasting

Laat ek die nuus-bom los en dan verduidelik.

Die geld in jou aftreefonds wat jy addisioneel bygedra het, dit wat jy nie kon aftrek vir inkomstebelasting ingevolge art. 11F nie, val by jou dood in jou boedel as 'n geagte bate ingevolge art. 3(3)(e) van die Wet op Boedelbelasting (45 van 1955) en is dus belasbaar.

Maar hier is die verdere kinkel.

Eerstens kan die geld in ander se hande beland (kyk my vorige paragraaf oor die verpligting op trustees ingevolge art. 37C) en tweedens sal die boedelbelasting wat daarop betaalbaar is, deur jou boedel (lees: erfgename) betaalbaar wees.

Kom ons pluis dit uit.

Alles draai om art. 11 van die Wet op Boedelbelasting, wat bepaal wie aanspreeklik is vir die betaling van boedelbelasting. Om 'n lang en tegniese verduideliking te sistap, dis gewoonlik die eksekuteur van die boedel en betaalbaar uit die boedelbates.

'n Lewenspolis, byvoorbeeld, op jou lewe is 'n geagte bate in jou boedel. Die eksekuteur moet instaan vir die boedelbelasting sou boedelbelasting betaalbaar wees.

Maar, hier is die uitsondering in art. 11, as die opbrengs uit die polis betaalbaar is aan iemand anders, is die persoon wat só bevoordeel is, aanspreeklik vir die boedelbelasting daarop.

Die nadeel daarvan is dat die boedelbelasting wat gehef word op die polis, pro rata bereken word teenoor die totale boedelbelasting betaalbaar. En dit kan meebring dat erfgename 'n deel van die belasting op die polis (wat aan iemand anders uitkeer) moet betaal. Dit eers daar gelaat.

In die geval van aftreegeld

Soos genoem hier bo, aftreegeld wat jy meer gespaar het as waarop jy die inkomstebelastingaftrekking (art. 11F) kon kry, val soos 'n polisopbrengs in jou boedel as 'n geagte bate (art. 3(3)(e)).

As sulks is dit belasbaar.

En net soos met 'n polis se opbrengs, is die eksekuteur aanspreeklik om die boedelbelasting oor te betaal wat daardeur gehef word.

Maar anders as met 'n polis, waar die belasting betaalbaar is deur die persoon wat die polisopbrengs ontvang (art. 11 van die boedelbelastingwet), is daar in die geval van aftreegeld wat in jou boedel beland, nie so 'n reël nie.

Die eksekuteur van die boedel moet instaan vir die boedelbelasting wat daardeur gehef word, nie die persoon wat die geld gekry het nie.

Baie tegnies, ek weet.

In gewone Afrikaans beteken dit dat die geld wat jy só ekstra spaar in jou aftreefonds:

- By jou dood in jou boedel val vir boedelbelasting;
- Jou boedel, of dan jou erfgename, nie noodwendig die voordeel van dié nadoodse meevaller het nie;
- Die trustees van die fonds anders kan besluit oor wie die geld kry; en
- Jou boedel (dus jou erfgename) die boedelbelasting moet betaal op geld wat hulle nie eens kry nie, al het jy dit aan hulle begunstig.

Kortom, hulle erf minder as dit wat hulle sou erf, selfs nadat die aftreefondsgeld aan iemand anders uitbetaal het.

Die een kry die meevaller, die ander die belasting daarop.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

[Wys Kommentaar \(13\)](#)